



JAKARANDA e-KAMP



VAKANSIE UITDAGINGS

Kursus / Aktiwiteit: e-Sterrekunde

Voltooi die aktiwiteite / oefeninge / of soek die inligting. Hulp kan verkry word. Versprei dit oor die tydperk en doen eerder meer as die minimum. Indien daar iets is wat nie moontlik is in jou omstandighede nie, doen iets anders waartoe jy wel toegang het. Jy kan foto's neem terwyl jy besig is met die aktiwiteite en aanstuur vir ons, Jakarandakamp@gmail.com, om op FB te laai. Bo alles – GENIET DIT!

Hier is die WhatsApp skakel om met oom Deon te gesels as julle vashaak met die oefeninge: <https://chat.whatsapp.com/EVUr0Yu0tyz3Zbl0SBksmY>

DAG 1 Lees in die Bybel, Genesis 1: 1 – 19. Op watter dag het God die son en maan geskape? Wat dink jy beteken vers 3?	DAG 2 Vind uit wat die verskil is tussen astronomie en astrologie en skryf 'n paar voorbeelde neer.	DAG 3 Laai Stellarium af op jou rekenaar of Starwalk 2 op jou foon. Dis beide gratis toepassings! Eksperimenteer met die toepassings.	DAG 4 Leer die planete se name en waar hulle geleë is vanaf die son. Hierdie rympe kan help: "Meneer Van As, My Jas Sal U Nie Pas!"	DAG 5 Watter tipe planet is Pluto en wat is die rede daarvoor?
DAG 6 Staan vroeg op (4uur) en kyk of julle die volgende planete kan sien in die Ooste: Jupiter, Saturnus en Mars. Teken hulle posisies aan in 'n boekie.	DAG 7 Neem 'n foto van die maan met jou selfoon of kamera. Waarom het die maan siklusse elke maand? (Bv. Donker, half en vol)	DAG 8 Wat bepaal hoe lank 'n dag en jaar is op die aarde? Is 'n dag en jaar se tydperk dieselfde op ander planete?	DAG 9 Doen navorsing wat sons- en maanverduistering veroorsaak.	DAG 10 Maak 'n vuurpyl met items wat in jou huis beskikbaar is. Bv. Toilet rolletjies en karton. Kleur dit mooi in of versier dit met wat jy in jou huis het.
DAG 11 Teken die Son en Planete met hul wentelbane en kleur dit mooi in. Dit hoef nie volgens skaal te wees nie.	DAG 12 Vind die suiderkruis net na sonsondergang. Vind uit hoe die rigting suid verkry kan word met die suiderkruis.	DAG 13 Gebruik 'n toepassing (Dag 3) en vind die Orion sterreteken. Probeer die sterreteken teken in 'n boekie. Sluit die sterre Rigel en Betelgeuse in.	DAG 14 Wat is die verskil tussen 'n asteroïet, 'n meteorite en 'n komeet?	DAG 15 Lees bietjie op die Internet oor Suid-Afrika se groot teleskoop te Sutherland en die SKA wat geleë is in die Karoo.
DAG 16 Lees op die Internet van die Hubble teleskoop en kyk 'n bietjie na die fotos wat deur die Hubble teleskoop geneem is.	DAG 17 As julle 'n verkyker het, probeer om 'n sterrebondel (Star cluster) te vind. Gebruik 'n toep (Dag 3) om jou te help. 'n Mens kan met die blote oog dit ook sien as dit donker genoeg is!	DAG 18 Doen navorsing wat 'n ligjaar is en hoe vinnig lig beweeg. Hoe lank vat lig om tot by die maan en son uit te kom? Hoe lank vat dit om by die ster Betelgeuse uit te kom?	DAG 19 Waarom ondervind ons seisoene op die Aarde? Doen navorsing daarvoor en skryf dit in 'n boekie neer.	DAG 20 Hou 'n sterrepiekniek na sonsondergang met jou gesin en vertel hulle wat jy alles geleer het! Wys vir hulle Orion, die Suiderkruis en die maan!

Veels geluk!! Jy het die e-Sterrekunde (gr 6) - aktiwiteit van Jakaranda Voortrekkerkamp 2020 se e-kamp suksesvol voltooi!
Ons hoop jy het pret gehad en ook iets geleer.